Nr./No. 66-67 1971 Aug.-Des./Dec.

# Pretoriana

-3-3-1972
ZA 05 (68)
P 1971/66




TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

**Prys : 25c : Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# HAAK & ZOON,

## ENGINEERING AND CYCLE WORKS.

**Werktuigkundigen. Rijwielhandel.**

**CHURCH STREET, W., (near Koch St.)**

**KERK STRAAT, WEST (bij de Koch Straat)**


PHOTOGRAPHY: NOEL DE SMIDT
CAPE TOWN PHONE 2-9464

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# HAAK & ZOON

Op die teenoorgestelde bladsy is 'n reproduksie van 'n advertensie van 'n Pretoriase saak wat omstreeks 1902 vir die eerste keer op 'n sportprogram verskyn het. Die adverteerder, Haak & Zoon, was die voorloper van Pretoria se oudste motorhawe. Haaks Garage Pretoria, wat onlangs hul nuwe administratiewe blok en dienssentrum in Schoemanstraat digby Prinsepark betrek het, is in 1911 uit dié „ENGINEERING AND CYCLE WORKS" gebore.

Bernardus Johannes Haak emigreer in 1893 van Holland na Suid-Afrika en aanvaar diens by die destydse Nederlands-Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy. In 1898 word hy stasiemeester op Koedoespoort en sy oudste seun, Albert Johannes, 'n opgeleide passer en draaier, kom werk ook vir die spoorwegmaatskappy. 'n Jaar later volg die res van die gesin en woon in die stasiemeesterswoning op Koedoespoort. Die huis staan vandag nog.

Na die Britse besetting van Pretoria verlaat vader en seun die spoorwegmaatskappy en begin in Mei 1901 'n fietswinkel, Haak en Zoon, by Kerkstraat 138. Die perseel huur hulle teen £4:10:0 van James Poynton, stigter van Poynton's Trust.

Met £50 tot hul beskikking begin hulle sake doen maar sommer die eerste maand knyp die finansies so dat broer Jan, wat toe bestuurder van 'n fietswinkel in Markstraat was, hulle 7s. 9d. moet leen. Die eerste maand se totale inkomste was £23:11:4d., die tweede £42:11:9d., die derde £69:1:4d. en die vierde maand nie minder as £107:1:9d. nie.

Teen Kersfees daardie jaar gaan dit sommer voor die wind en kort hierna verskyn bogenoemde advertensie. In 'n ander advertensie wat ook gedurende dieselfde tyd verskyn het, adverteer hulle „Bicycles Built to Order". In die jare hierna word hulle getroue adverteerders in o.m. *Die Kerkbode*.

Jan en jonger broer Pieter gooi in 1902 ook hul kragte in by die gesinsaak. In dié tyd begin toestande in Pretoria vinnig verander. Strate verbeter, elektriese trems kom op die toneel en tussen die perdekarre, koetse en ossewaens begin verskeie motors met 'n gehoes en proes hul verskyning maak. Daar was drr. J. A. Kay, F. Troup en Elias met hul eensilinder-Rovers, genl. Louis Botha met sy Standard en genl. Smuts met sy Napier.

In die fietswinkel word nou motorfietse ook verkoop en in 1909 voer hulle hul eerste motors in — twee Reo's. Teen 1911 is daar al soveel motors in Pretoria se strate dat die fietswinkel nie meer groot is vir herstelwerk nie. In dié jaar bou hulle die stad se eerste motorhawe op die hoek van Pretorius- en Koch-(Bosman)straat.

Op hierdie perseel doen hulle sake tot dit in 1970 te klein word vir hul uitgebreide bedrywighede.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Oud-rugbyspringbokke na wie Name van Strate en Lane in DANVILLE-Uitbreiding No. 1, Pretoria, vernoem is

**GEERE, Vernon** (bygenaamd "Mannie"), is op 9 September 1905 in Pretoria gebore en het hier begin skoolgaan aan die Ou Gimnasium (wat reeds gesloop is).

Op Kroonstad, O.V.S., het hy daarna vir 'n jaar lank skoolonderrig ontvang en toe verder in die Paarl aan die Jongens Hoër waar hy in 1923 ná St. IX skool verlaat het om op Robershoogte, Pretoria, vir 3 jaar lang in die Leër te werk.

Rugby begin hy reeds in erns op skool in die Paarl speel en is kaptein van 'n kranige onder 17-span aldaar.

In 1727 begin hy in Pretoria vir die Harlekyneklub speel en is voorspeler in die S.A. Springboktoerspan na Brittanje in 1931-32 (onder kapteinskap van Bennie Osler).

In 1933 dra hy weer eens springbokleure in die S.A. spanne wat teen die Wallabies hier te lande gespeel het.

Sy hele werksloopbaan van oor die 40 jaaar het hy aan die Landbank gewy, in 'n verskeidenheid hoedanighede en op verskillende plekke.

In Pretoria het hy na sy diens in die Leër as Bankklerk begin en hier vir ongeveer 7 jaar gewerk.

Van Pretoria af gaan hy in 1934 na Cradock en speel provinsiale rugby vir O.P.

Drie jaar daarna werk hy op Vryburg waar hy op 8 Maart 1938 in die huwelik tree met 'n nooie Bergh ('n niggie van Ferdie Bergh).

Uit die huwelik is daar 2 seuns gebore.

Van Vryburg gaan hy na Pretoria (±1 jaar); Ermelo (±9½ jaar); Vryburg (±3½ jaar); weer Pretoria ('n kort tydjie); Nylstroom as bestuurder (±7 jaar) en dan terug na Pretoria waar hy in September 1970 aftree.

Hy werk egter nog deeltyds vir 'n Eiendomsfirma in Pretoria, want hy voel hom na 'n aktiewe leeftyd van 55 jaar nog tot vele dinge in staat.

*BRON*:

Gegewens verkry by 'n persoonlike onderhoud met mnr. Geere op 17 Januarie 1971.

**OCHSE,** "Chum" is op 9 Februarie 1925 op Graaff-Reinet gebore en Johannes Karl gedoop. Op Union High waar hy skool gegaan het, was hy Hansie maar later het hy sy pa se bynaam "Chum" geërf.

Na matriek bekwaam hy hom aan die Graaff-Reinetse Opleidingskollege as onderwyser in hout- en metaalwerk en speel vir O.P. senter.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Aan die Cambridge-skool, Oos-Londen, gee hy twee jaar lank handwerkonderrig en dra die Grens-trui as senter en vleuel.

In 1948 gaan hy vir 'n spesiale kursus in liggaamsopvoeding na die Opleidingskollege, Paarl. Die jaar daarop het hy 'n betrekking as onderwyser in liggaamlike opvoeding aan die Hoër Jongenskool, Paarl, aanvaar.

Ochse dra springbokkleure in:

(1) 1951/52 — Oorsese toer deur Brittanje, (2) 1953 — Wallabytoer in S.A.

I.v.m. eersgenoemde toer skryf R. K. Stent[1] onder meer soos volg: "Johannes Karl Ochse, called 'Chum' . . . became almost as famous for his thrilling corner dashes as his baggy shorts before the tour ended . . . We shall remember your human bullet, Ochse, going for that corner flag . . .; his unusual record of having represented no fewer than four provinces in first-class rugby — E.P., Border, Boland and W.P. . . .; Chum (i.e. on the 1951-52 tour) as Lady Godiva in the Pretoria Castle fancy dress parade. Shrouded in a sheet, Stephen Fry was the head of the all-white horse, Pickard its un-equine looking body. . . ."

'n Ander rubriekskrywer weer skryf o.a. soos volg oor Chum: „Hy het gedurende die afgelope toer (1951/52 deur Brittanje) bekendheid verwerf vir die wyse waarop hy die geringste geleentheid kon uitbuit om soos 'n vetgesmeerde blits na die hoekvlug te nael . . . dis die kwaliteit in eerste plek, en nie die kwantiteit nie, van hierdie vleuel se drieë wat vir hom roem verwerf het . . .

Die Springbokke sal Ochse dan ook altyd onthou as die spanmaat wat die wedstryd teen Cardiff 5 minute voor die einde met sy skitterende drie 11—9 vir S.A. gewen het — sy 2de blitsvleueldrie in daardie wedstryd."[2]

Hy was die vierde Springbok op dié toer wat in sy eerste toetswedstryd 'n drie gedruk het — Willem Delport, Basie van Wyk en Ernst Dinkelmann het dit ook reggekry. Ochse het in 19 van die 31 wedstryde gespeel en 15 drieë aangeteken en aldus die Springbok geword wat die meeste keer oor die doellyn gegaan het.


As lid van die toerspan het hy sy gewildheid te danke aan die aansteeklike wyse waarop hy aan die speel kan raak om ledige hoteluurtjies te verdryf. Sy lewendigheid in hierdie speletjies en sy raak sêgoed het altyd 'n sukses daarvan gemaak — sy lewendigheid het nie net sy teenstanders op die rugbyveld tevergeefs in die lug na hom laat gryp nie, maar dikwels ook sy spanmaats onder sy skerpsinnige kwajongstreke laat deurloop.

P. le Roux[3] skryf die volgende oor Chum:

„As die radiokommentator Chum se naam noem, het van die pikkies



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*LUCAS STRACHAN en „MANNIE" GEERE*

*soos hulle vandag daar uit sien*

*Foto: T. E. Andrews*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tot die predikant op sy tuisdorp gevoel dat hulle feitlik self in die hitte van die stryd staan — een springbokkie van die Karoo-vlaktes teen vyftien Britse leeus, en mans genoeg vir hulle!

Maar in sy werkkring is Chum meer as rugbyheld; hy is die gewilde kollega, lekker klubmaat en, vir die seuns, onderwyser met die vermoë om ontsag af te dwing en tog vriend te bly.

Vir die toeskouer om die rugbyvelde is hy net 'n magtige mannetjie in 'n groot broek — en hulle weet nie eens dat die broek 'n simbool is nie; dat dit nie fladder nie,maar wapper!"

*BRONNE*:


(1) STENT, R. K.: *The Fourth Springboks* 1951-1952.
(2) "Chum Ochse": *Brandwag*, Maart 19, 1952.
(3) LE ROUX, P.: "Springbokke Tuis No. 8": *Die Huisgenoot*, Jul. 25, 1952.


**STRACHEN, Lucas Cornelis,** wat op 12 September 1970 sy 62ste verjaardag herdenk het, is in Pretoria woonagtig en boer onder meer met varke, groente en vrugte. Hy is op Grootfontein, Parys, O.V.S. gebore waar hy aan die einde van 1925 skool verlaat het.

In 1926 werk hy 9 maande lang op Vereeniging as boekhouer in 'n Jodewinkel vir £8 per maand. In September 1926 sluit hy by die Polisie aan maar moes wag tot 3 Maart 1927 voordat hy plek kon kry.

Na voltooiing van die kursus van 4 maande, kom hy in die Polisiehoofkantoor (die Ou Compolgebou, Pretoria) en werk aldaar as tikker tot einde 1930. Van 1 Desember 1930 af is hy as leerling-speurder by dié Afdeling werksaam. Woon oor naweke die vergaderings van agitators by en neem hul toesprake in snelskrif (in Engels) af en tik dit oor en lewer dit Maandae in. (Hy kon hom eers later in Pretoria in Afrikaanse snelskrif bekwaam.)

In Oktober 1962 het hy uit die Speurafdeling getree as Adjt.-offisier (eertyds bekend as speurder-hoofkonstabel). Op 5 maande na, sou hy 36 jaar in die Polisiediens gewees het.

Sy springbokloopbaan strek van 1931-1938 en behels

(1) 1931-32: Oorsese toer na Brittanje
(2) 1937 : Oorsese toer na Nieu-Seeland
(3) 1938 : Britse toer in S.A.

Altesame het hy in 10 toetswedstryde vir S.A. gespeel, asook 43 keer as Springbok in nie-toetswedstryde.

Strachan was die eerste rugbyspringbok uit die S.A. Polisie en tot 1964 (d.w.s. in die twee jaar na sy aftrede) het hy Polisiespringbokke afgerig en nog 12 springbokke „gemaak".

Van 1927 (toe hy tot die Polisiediens toegetree het) tot in 1945 speel hy in die Pretoriase Polisieklub se 1ste span in altesame 432 wedstryde en was van 1932-1945 hul kaptein.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Verder speel hy soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| *Transvaal* | (1928-38): | 67 wedstryde, 3 jaar as kaptein |
| *Noord-Transvaal* | (1938-44): | 29 wedstryde, 2 jaar as kaptein |
| | (1946-66): | Keurder. |

Strachan is op 5 Maart 1930 te Pretoria met 'n nooi Scheepers van Potchefstroom getroud. Uit dié huwelik asook uit sy tweede huwelik in 1945 is daar 1 seun en 1 dogter gebore.

(Volgens mnr. Strachan is daar ook in Parys, O.V.S. en in Roodstuine, Vereeniging, strate na hom vernoem.)

*BRONNE*:

Peroonlike mededelings deur:
(1) Mnr. Strachan self.
(2) Adjt.-offisier Visser van die S.A. Polisie.

*Verder*: D. H. CRAVEN:
(a) *Springboks Down the Years.*
(b) *Springbok-annale* (Rugby) 1889-1964.
(c) Persoonlike besoek aan mnr. Strachan aan sy woning te Mountain View, Pretoria, op 18 Oktober 1970.

**VAN JAARSVELD, Christoffel Jacobus** (bygenaam "Hoppie") het in 1949 sy springbokkleure teen die toerspan van die All Blacks alhier gedra. Rugby wat "Hoppie" op 17 jarige leeftyd begin speel het, is ook deur hom beoefen wyl hy in diens was by die Simmer & Jack-myn in Johannesburg en by 'n Ingeniersfirma aan die Wesrand.

In 1953 het hy sy rugbyskoene vir goed weggebêre.

Provinsiale rugby het hy vir Transvaal gespeel.

Op Bloemhof waar hy gebore is (op 21 Februarie 1917), het sy skoolloopbaan begin en is later op Wolmaransstad voortgesit.

Tans is hy nog werksaam en woonagtig op Krugersdorp, alwaar hy in 1940 met 'n nooie Coetzee getroud is. Hulle het nie kinders nie.

*BRON*:

Persoonlik telefoongesprek op 19 Januarie 1971.

**VAN SCHOOR, Ryk Arnoldus Mauritius,** "is yet another product of that great rugby-playing town, Paarl, where he went to school and he remembers his first football at the age of seven years. He was born at Philadelphia, Cape, on December 3, 1921.

Van Schoor is a close relation of the ex-Springbok forward, George van Reenen, and many of his close relatives are top-class players. Rugby is surely in his blood. But his career has been one of ups and downs. In 1948 he decided to leave an insurance clerk's desk in Cape Town to go tobacco farming in Rhodesia. There his now-famous crash-tackling for the Rhodesian sides that met the All Blacks (1949) put him right into the S.A. team for the second test match, and he has played in all seven internationals that the Springboks have engaged in since.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

He figured in one of the most amusing incidents of the 1951/2 tour. When breaking through a gap at Aberavon, his shorts were torn completely off. But he went on until downed near the line, where the photographer took a picture. Ryk, a shy man at most times, blushes beetroot-red whenever the incident is recalled."[1]

„Vir die eerste keer lewer Rhodesië Springbokke op toe Salty du Rand en Ryk van Schoor vir die S.A. springbokspan gekies is. Op hierdie toer (in 1949) het die vennootskap tussen Fonnie du Toit en Hansie Brewis as skakels en Tjol Lategan en Ryk van Schoor as senters begin."[2]

Hoewel Van Schoor ook vroeër vir Tuine in Kaapstad en die W.P. gespeel het, het hy eintlik Rhodesië verteenwoordig toe hy die eerste keer in 1949 (teen die All Blacks in S.A.) springbok geword het.

Van Rhodesië het hy later na S.A. teruggekeer en 'n betrekking op Stellenbosch aanvaar.

Aan die 1951/52-toer in Brittanje neem Van Schoor ook deel en speel in 1953 teen die Wallabies in S.A. as W.P.-man.

*BRONNE*:

(1) STENT, R. K.: *The Fourth Springboks* 1951-1952.
(2) CRAVEN, D. H.: *Springbokannale* (*Rugby*) 1889-1964.

*Ook*:

*Die Brandwag*: Jun. 27, 1952.
*Die Huisgenoot*: Julie 4, 1952.

— G. J. VAN ECK.

# DIE OU BEGRAAFPLAAS

Pretoria se Ou Begraafplaas met sy Helde-akker waar die volk sedert 1958 in minder as tien jaar te ruste gelê het goewerneur-generaal dr. E. G. Jansen en twee Eerste Ministers, t.w. adv. J. G. Strijdom en dr. H. F. Verwoerd, het tans 'n versorgde voorkoms. Die doelmatige omheining van tralies en messelklip is terselfdertyd 'n versiering in duursaamheid en passende eenvoud.

Die ingang is vernoem en dra die name (van oos na wes) Paul Kruger-hek, Helde-Akker, Stigtershek en Stadburgershek.

Die tweede een het 'n sierhek wat gesluit kan word en verleen toegang tot die Helde-akker — 22 grafte — wat in 1891 deur die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek vir staatsdoeleindes uitgesonder is. 'n Nuwe gedenksuil toring hoog uit oor die onderskeie grafte wat aaneengesluit word deur plaveisel.

Dat hierdie ou kerkhof na meer as honderd jaar diens, en met soveel



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

trane, soveel herinnerings, in waardige toestand versorg gehou word, is gepas en noodsaaklik.

Die „stigtingsdatum" van die kerkhof kan aanvaar word as 27 Augustus 1867, die datum van 'n openbare vergadering (ook bygewoon deur Staatspresident M. W. Pretorius) waarop 'n komitee benoem is om by die regering aansoek te doen om 'n stuk grond vir 'n begraafplaas. Die benoemde komitee het bestaan uit di. N. J. R. Swart, A. J. Begemann, die here P. J. Marais, M. de Vries, H. van der Linden, W. Skinner, J. C. Preller en H. W. Struben.

Reeds op 29 Augustus 1867 staan die Uitvoerende Raad 'n stuk grond — tans langs Kerkstraat-Wes — slegs vir blankes vir dié doel af en die reglement dra die datum 29 Januarie 1868.

Hieroor skryf die Pretoriase korrespondent van die TRANSVAAL ARGUS onder datum Augustus 1867:

„De treurige sterfgevallen die onlangs alhier hebben plaats gehad, hebben aanleiding gegeven aan een aantal ingezetenen om eene betere doodenakker in dit dorp daar te stellen. Immers tot dus ver wordt de een daar, de andere op een geheel ander gedeelte begraven, ter wyl er kans bestaat dat in eenige jaren, weinig meer van de graven zal te vinden zyn.

„Een 15tal inwoners dan hield onder Voorzitterschap, van den geëerden Leeraar dezer gemeente, ds. Begemann, voorlopige vergaderingen, om te trachten, van de bevoegde magte eenige erven te krygen, ter bestemming van een kerkhof. Nadat eene commissie eene geschikte plek had aangewezen, werd voor eenige dagen een publieke byeenkomst in de zaal van den Volksraad gehouden, die talryk werd bygewoond. De HoogEd. Staatspresident, was ondanks zyne ongesteldheid tegenwoordig, en gaf onderscheidene nuttige wenken. By afwezigheid van den voorlopigen Voorzitter, ds. Begemann, was de Heer St. Meintjes uitgenoodigd het voorzitterschap der vergadering by te wonen, die zich van deze taak op onpartydige wyze kweet. De Vergadering besloot eenparig dat de begraafplaats als algemeen of burgerlyk zou worden aangemerkt. Tot leden der Commissie om het verdere plan uit te werken en de vereischte stappen te nemen, werden met meerderheid van stemmen gekozen de Heeren predikanten Begemann en Swart, en de Heeren S. J. Meintjes, M. de Vries, W. Skinner, H. v.d. Linden, J. Preller en H. Struben. Gy ziet dat men hier spoedig in het bezit zal komen van een plaats die ik van harte hoop zoo min mogelyk zal worden bevolkt".

Die voorsitter, ds. Begeman (en lede van sy gesin) het self 'n laaste rusplek in dié kerkhof gevind.

Die waarnemende voorsitter, die heer S. J. Meintjes, was 'n leidende persoonlikheid. Toe krygswet in Desember 1880 afgekondig is, is hy een van Pretoria se wykmeesters. Hy was prokureur, notaris en algemene agent, met kantoor op Kerkplein en een van die ingeskrewenes deur



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hoofregter John G. Kotze op 23 Mei 1877 (Anneksasietyd). Hy is in 1874 ook lid van die eerste komitee vir die botaniese tuin, die huidige Burgerspark. Sy woning was wes van die Leeubrug aan Kerkstraat-Oos en sy meul op die hoek van Kerk- en Edwardstraat.

Stephanus Jacobus Meintjes (uit Graaff-Reinet) word egter in Pretoria onder die aandag gehou deur die bekende Meintjeskop waarteen die Uniegebou geleë is en wat die naam gegee het aan 'n gemeente van die Ned. Geref. Kerk.

Die plaas Arcadia (wat die kop insluit) het behoort aan Pretoria se eerste landdros, A. F. du Toit, wat die erwe waaruit die onderverdeling bestaan het, aan die heer Meintjes verkoop het — transport 7 April 1865. Eers is verwys na „Meintjes se kop", maar so vroeg as 1870 word dit al *Meintjeskop* genoem. Meintjes self het in die oudste „voorstad" Arcadia gaan woon naby die Leeubrug.

Buite die helde-akker en grafte van talle ander bekende en gesiene manne en vroue het in die Ou Begraafplaas baie offisiere en manskappe van die Britse leër wat tydens die beleg van Pretoria gesneuwel het, 'n laaste rusplek gevind. Dit grens aan die ou „kerkie" (kapel), tans nie veel meer as 'n blik skuiling vir werkers en die gewese vensters onooglik toegeslaan met sinkplate.

Digby is ook die kantoor van weleer met sy kerkvormige deur, opgerig in die dae van president Kruger waar die register van grafte gehou is totdat dit na die begraafplaas in Rebeccastraat oorgeplaas is.

Ten weste van die leërafdeling is die polisie-dodeakker wat herinner aan beskermingsdiens, dikwels sonder in agneming van eie lewe en veiligheid.

Die benaming *Stadburgershek* dien om te herinner ook aan diegene wat sonder openbare aansien en verdienstelikheid hier 'n laaste rusplek gevind het.

Die rus van 'n eeu is ook die gewaarwording van wie hierdie godsakker — langs Kerkstraat met sy stadsverkeersgedruis — betree. Net die ruising in die bome eggo die kluitklap op die kis.

(Mej.) A. S. MALHERBE.

**Naskrif:** Die kerkie of kapel waarna die skryfster op bls. 3 verwys, is ongetwyfeld van Engelse oorsprong, as mens oordeel na die houtkruise (daar is nog net een oor) op die nok aan weerskante van die gebou. Ek het onlangs die kerkie goed besigtig, ook van binne. Alles is baie gehawend, maar die kern is nog daar. My eie mening is dat as hierdie geboutjie opgeknap kan word, dit 'n noodsaaklike en verassende bestanddeel van die Ou Kerkhof kan word. Dit is in meer as een opsig uniek. Dit sal 'n waardevolle toevoeging tot die Kerkhof wees. Ek is van plan om iets i.v.m. die behoud daarvan deur die Genootskap Oud-Pretoria te doen.

P. O. KRAAMWINKEL.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# RENTE OP TRANE

(Indrukke en gewaarwordinge by die oopstelling van Melrosehuis as kultuur-historiese museum, Pretoria, 17 Mei 1971.)

Die dag is stil en sonnig met die eerste kouetjie van die winter in die koeltekolle onder die jakarandabome. Die grasperke is groen en wyd om Melrosehuis met sy statige wit gewels hoog teen die blou lug. 'n Paar duiwe swenk oor die dak en gaan op die skoorstene sit. Deur 'n oop venster op die boonste verdieping, du 'n gordyn sag heen en weer.

Jy stap deur die groot traliehekke met hul bronsarende die rustige, ruim landgoed binne. Draai 'n oomblik om en kyk oor die geskiedkundige Burgerspark regoor die herehuis. Welkome oop ruimtes tussen beton en teer en dreunende verkeer. In Jacob Marestraat wat tussen die park en die woning deurloop, is verkeersmanne reeds op hul pos vir die aankoms van die lang, swart ampsmotor enkele minute later. Pers- en ander fotograwe is in groepies voor en langs die gebou bedrywig met die op- en instel van kamera's. Jy stap aan . . . rondom die spuitfonteintjie binne 'n simmetriese blommesirkel.

Gaste wag koesterend in die skoon sonlig. Kleredrag wissel van konvensioneel tot deftig tot „with it". Jy knip oë . . . droom of werklikheid? Kyk weer: oor die groen gras stap 'n Victoriaanse dame met lang swart romp, wit bloese met hoë hals en breë mansjette. Haar wit breërandhoed is kwistig met ligroos volstruisvere getooi. Sy is dié gas wat volmaak by hierdie ou herewoning inpas, dink jy terwyl sy grasieus met die swaar romp klokkend om haar voete aanstap.

Die ampsmotor kom aan. Oud-staatspresident en mevrou Swart, die administrateurspaar en die burgemeesterspaar klim met die treetjies op na die stoep. Die burgemeester verwelkom die gaste en stel daarna die mikrofone 'n voet of wat hoër vir die rede van die oud-staatshoof wat dié situasie saam met die gaste geniet. Soos Saul vanouds, is hierdie man van die skouers hoër as die ander.

'n Televisiekamera begin tirrr en verder weg draai verskeie rolprentkamera's. Die oud-staatshoof skets onder meer die verlede waarin Melrosehuis ook 'n rol gespeel het. Dit was 'n tyd van trane . . . trane wat rente geloop het.

Applous. Onthulling van twee gedenkplate deur die administrateur en burgemeester. Applous. Tirrr . . . tirrr en die geklik van kamera's wat op die trappies hurk en bekruip.

En wanneer die skare uitdun, vertoef jy 'n oomblik by die nuwe gedenkplate:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




11

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## MELROSEHUIS

Hierdie huis is in 1886 voltooi en was die woning van G. Heys, sakeman van Pretoria. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is dit deur lord Kitchener, die Opperbevelhebber van die Britse Leër in Suid-Afrika, as hoofkwartier gebruik en die Vrede van Vereeniging is in die eetkamer onderteken. Die huis is in 1968 deur die Stadsraad van Pretoria aangekoop en gerestoureer.

Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede 1971.

## STADSRAAD PRETORIA

Hierdie gedenkplaat is onthul
deur Sy Edelagbare die Burgemeester van Pretoria
Rld. Ds. G. J. Davidtsz
by geleentheid van die
amptelike opening
van Melrosehuis
deur Sy Edele
C. R. Swart
voormalige Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika
op 17 Mei 1971

Die oud-staatshoof ontsluit die deur van die huis met sy oorspronklike sleutel wat nou, oorgeblaas met goud, rus in 'n kissie gemaak uit die hout van een van die oudste aangeplante jakarandabome in Pretoria. Na 'n wyle beweeg jy saam met vele ander oor die drumpel die woning in. Jy dink 'n oomblik na oor die gewaarwordinge van die manne wat die dag van 31 Mei 1902 oor hierdie selfde drumpel moes stap: na binne as vry manne — na buite as Britse onderdane.

Vanaf die hoë plafon tot die muurpapier tot meubels tot swaar houtsneekaggels, adem elke vertrek Victoriaanse deftigheid en statigheid. Die stroom gaste vloei van een vertrek na die ander. Jy loop al die brokaat- en kant- en fluweel-vertrekke met hul kosbare porselein- en silwerware, houtsneewerk, skilderye en glasvensters deur . . . en kom heel laaste by die eetkamer uit. Hier heers 'n gedempte stilte. Twaalf stoele staan netjies om 'n swaar tafel ingeskuif.

„Die gewone mens kan hom vandag nie in daardie stryd indink nie," sê een van die gaste. Jy kyk vinnig op na die spreker: 'n aristokratiese grysaard met fynbesnede gelaat wat hoed in die hand na die tafel staan en kyk. Jy probeer sien wat hy sien: aan die hoof van die tafel sit Milner en Kitchener. Aan die oorkant die ses Transvalers: Burger, Reitz, Botha, De la Rey, Meyer en Krogh. Aan die duskant die vier Vrystaters: De Wet, Hertzog, Brebner en Olivier.

En tussen hulle sien jy 'n dokument aanskuif, hoor die gekras van 'n pen deur die stil getik van 'n huishorlosie. Trane . . . Trane . . . 1902.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Rente . . . Rente . . . 1961.

En in 1971 skuifel deur die wye gange Afrikaans- en Engelssprekende vreedsaam naas mekaar. En deur 'n dakvenster van veelkleurige glas, syfer Suid-Afrikaanse sonlig.

Jy voel geensins na trane. Daar is net dankbaarheid oor vir 'n volk wat sonder bitterheid hierdie baken uit die verlede tot sy volle glorie herskep het, terwyl sovele van sý tydgenote voor die stootskraper en die sekel van die tyd moes swig.

— ALETTA LÜBBE.

# AANDEELHOUERS VAN DIE „PRETORIA OOST-EINDE SKOOL VERENIGING BEPERKT"

IN die geskiedenis van die onderwys en opvoeding in die Transvaalse hoofstad neem die huidige *Oost Eind Skool*, in Meintjesstraat, Sunnyside, 'n belangrike plek in. In die loop van die jare, die skool het in 1897 ontstaan, het daar 'n tweetal gedenkboeke verskyn, waarin die verlede van hierdie onderwysinrigting beskryf is.

Dit is minder algemeen bekend dat hierdie skool oor 'n aantal aandeelhouers beskik het.

Voor ons lê eksemplare van die „Gewijzigde Statuten der Pretoria Oost-Eind School Vereeniging, Bpt", 'n publikasie van 7 bladsye, gedruk deur J. Dekker, Pretoria, waarin onder art.I. vermeld is: „De Maatschappij „Pretoria Oost-Eind School Vereeniging, Beperkt", eene Maatschappij met beperkte verantwoordelijkheid, stelt zich ten doel het exploiteeren van haar in eigendom toebehoorende gronden met bebouwingen en inboedel, voor schooldoeleinden als anderszins."

In artikel 3 is vermeld: „Het stamkapitaal der Maatschappij bedraagt £100 (Een Honderd Pond Sterling) verdeeld in honderd aandeelen van één pond sterling elk. De aandeelhouders zijn eigenaren der goederen, zoowel roerende als onroerende, der Maatschappij, behoudens restricties in deze statuten bepaald of te worden bepaald."

